

**ESKOM-EKSPO VIR JONG WETENSKAPLIKES-KOMPETISIE 2010,  
STELLENBOSCH-STREEK, HOËR MEISIESKOOL BLOEMHOF**

**Aangebied deur die Universiteit Stellenbosch (US) se Instituut vir Wiskunde en  
Wetenskap-onderwys (IWWOUS), en Fakulteit Natuurwetenskappe**

**Openingswoorde deur prof Russel Botman,  
Rektor en Visekanselier, US, 27 Augustus 2010**

Goeie more, almal. *Good morning. Molweni. Wamkelekile.*

Aan die organiseerders, beoordelaars, onderwysers, ouers en ander belangstellendes, **maar veral aan die deelnemers** – baie welkom hier in Stellenbosch.

Ek verneem byna 350 leerders van meer as 30 skole in ons streek neem vanjaar aan hierdie kompetisie deel – en dat hulle meestal van die platteland af kom, van so ver as Vredendal, Beaufort-Wes en Bredasdorp.

Namens die organiseerders – dis nou die Universiteit Stellenbosch se Instituut vir Wiskunde en Wetenskap-onderwys (IWWOUS), en ons Fakulteit Natuurwetenskappe – sê ek graag dis vir ons 'n voorreg en 'n plesier om by hierdie geleentheid betrokke te wees.

Baie dankie ook aan die borg, Eskom, en die gasheer, die Hoër Meisieskool Bloemhof.

*Now that the formalities are out of the way, let me turn to the real guests of honour – you, the participants in this expo.*

*You probably know the following quotation, but it is worth repeating: "Genius is 1% inspiration, 99% perspiration."*

*Does anybody know who said this? That very famous American scientist, Thomas Edison, the inventor of such modern marvels as the motion picture camera and the electric light bulb.*

*So, to all our young geniuses, congratulations and well done! I suspect you have a natural aptitude and lively interest in science, but I know you must have put in a lot of hard work to reach this point. Well done! Regardless of who gets a medal or a special prize today, you are all winners.*

Ons leef in 'n baie opwindende tydvak – 'n era van ongekende tegnologiese vooruitgang. Dis moeilik om te glo, maar so onlangs soos:

- 30 jaar gelede was die persoonlike rekenaar nog 'n nuutjie;
- 20 jaar gelede is die Wêreldwyse Web maar pas gebore;
- 10 jaar gelede het Facebook en YouTube nog nie bestaan nie; en
- verlede jaar dié tyd was Apple se iPad nog net 'n prototipe.

Dié uitvindings en nog talle meer is moontlik gemaak deur die wetenskap – die objektiewe instrument waarmee ons betroubare kennis nastreef. Maar kyk ons om ons rond, sien ons ook nog talle probleme raak – omgewingsbesoedeling, gebreklike gesondheidsorg en onderwys, dakloosheid en armoede. Dit is die taak van die wetenskap om hierdie uitdagings te takel.

Nog 'n beroemde wetenskaplike het dit as volg gestel:

“Besorgdheid oor die mens en sy lot moet altyd die hoofdoel van alle tegniese pogings wees . . . sodat die skeppings van ons verstand seëninge sal wees en nie ’n vloek vir die mense nie.”

En wie het dit gesê? Albert Einstein, die fisikus wie se relatiwiteitsteorie die grondslag gelê het vir sowel kernkrag as die atoombom.

*Scientific knowledge can have positive consequences or negative ones – it is up to us. That's what is so heartening about events like these – it encourages young people to use the tools of science to identify problems and come up with solutions.*

*Of course, science lies at the heart of the modern university, none more so than Stellenbosch, one of Africa's leading research universities.*

Ek gaan nie veel langer praat nie. Ek wil net sê julle sal dit geniet om ’n Matie te word, so praat gerus met enigeen van ons dosente en senior studente, wat hier as beoordelaars optree, oor studiegeleenthede.

Baie dankie aan hulle, en aan al die onderwysers vir hul toewyding aan hierdie klomp slimkoppe.

Nou het ek genoeg gepraat. Al wat oorbly, is om te sê **hierdie eksposisie is nou amptelik geopen**.

*Enjoy!*